DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE

WEES BLY IN DIE HERE

Opgestel deur: Pastoor Johan Putter

Datum: 13 September 2015

Plek: Nelspruit

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING **3**

PERSPEKTIEF **3**

VERKEERDE GESINDHEDE **4**

TEKSVERS **5**

EKSEGESE **6**

WEES ALTYD BLY IN DIE HERE! 6

MOET OOR NIKS BESORG WEES NIE /DO NOT FRET OR HAVE ANY ANXIETY ..... **Error! Bookmark not defined.**

AFSLUITING **9**

WEES BLY IN DIE HERE

INLEIDING

Daar gebeur tans baie dinge in ons land wat mens maklik mismoedig kan maak. Dit lyk of daar orals anargie is. Mense wat oor iets ontevrede is, brand sommer gou eiendom of beskadig infrastruktuur. Dit lyk of misdaad buite beheer is. Geweld vier hoogty. Sommige mense meen dat ons in ons land, op die punt van grootskaalse gewelddadige opstande of selfs ŉ rewolusie is.

Dinge lyk op internasionale vlak nie beter nie. Daar is sprake van ŉ ineenstorting van die wêreld ekonomie en ongekende natuur rampe.

U en ek, kan niks aan hierdie dinge verander nie. Daar is egter ŉ probleem waarteen u en ek moet waak en dit is; *Hierdie gebeure kan u en my* ***verander*****.**

Dit kan ons verkeerd verander. Dit kan ons negatief beïnvloed. Dit kan veroorsaak dat ons die doel waarvoor ons op aarde geplaas is, nie bereik nie.

Ons gaan nou baie kortliks let op hoe ons verkeerdelik verander kan word. Dan gaan ons by die doel van my preek kom, naamlik, watter gesindheid wil God hê, dat u en ek, ten spyte van probleme en ellende, behoort te openbaar.

Die tema van ons preek vanoggend staan in Filippus 4:4. **Wees bly in die Here.**

U sal vanoggend sien dat dit ŉ tema is wat reg deur die hele Bybel strek. Dit is God se wil vir u en my. Dit word ook baie mooi in Psalm 37:4 (ESV) gestel: "*Delight yourself in the Lord, and he will give you the desires of your heart."*

Ons gaan vanoggend bietjie kyk wat dit beteken om jou vreugde te vind in die Here, soos ŉ ander vertaling dit stel.

Ek vertrou dat dit u sal opbou en versterk. Mag dit u in moeilike tye regop hou en u help om altyd u oë op Jesus te hou.

PERSPEKTIEF

Ter wille van die regte perspektief, is dit belangrik dat u moet onthou dat God ons as emosionele en hormoonbelaaide wesens geskape het.

Ons kan hartseer en teleurstelling ervaar want dit is emosies wat God ons gegee het. Ons kan soms mismoedig wees en voel of ons wil moed opgee. Ek praat nie vandag oor die geleenthede waar u hartseer of teleurstelling ervaar en daarna gaan

dit verby nie. Indien u nooit hartseer of teleurstelling ervaar nie en nooit kwaad raak nie, moet u asb. met my na die diens kom praat. U het waarskynlik hulp nodig want u het dalk ŉ probleem met gebonde emosies.

Ek het ook groot simpatie met mense wat a.g.v. ŉ hormoon wanbalans, aan depressie ly. Mense wat nog nie daar was nie, het geen idee hoe dit voel nie. Indien daar vanoggend mense is wat aan hierdie siekte ly, moet asb. nie veroordeel voel nie.

Ek praat vanoggend van ŉ lewensoriëntasie of ŉ gesindheid.

Die wêreld se omstandighede kan my gesindheid verander. Hierdie gesindheidsverandering kan my lewe negatief beïnvloed. Dit kan my karakter verander. Dit is waarteen ons moet waak.

VERKEERDE GESINDHEDE

Alvorens ons by ons teksgedeelte kom, wil ons net vir u op ŉ paar gesindhede wys waarteen ons moet waak. Indien u uself herken, moenie slegvoel nie.

Ek is baie bly dat u vandag hier is, want u kan baat vind by my preek.

1. Onvergenoegde Sannie. Sy is geneig om altyd net die negatiewe aspekte van ŉ saak raak te sien en fout te vind. Sy het altyd iets om oor te kla. Sy lag min want daar is nie eintlik iets om oor te lag nie.
2. Donker Jannie. Die lewe is een groot stryd. Jy moenie die fout maak om vir Jannie te vra hoe dit gaan nie. Jy vra hom, gaan dit al beter?
3. Mismoedige Manie. Die land is in sy kanon in. Jesus moet asb. gou kom sodat ons verlos kan word.
4. Vreesagtige Bennie. Bennie se avontuurlustige hart is uit hom geruk. Die wêreld is te vol skelms en gevare om iets te doen. Hy bestaan net.

Wat leer die Bybel oor watter gesindheid ons as volgelinge van Jesus behoort te hê? Wees bly in die Here! en *“Delight yourself in the Lord, and he will give you the desires of your heart.” Vind jou vreugde in die Here!*

Ken u mense wat hierdie geheim ontdek het? Jy sal hulle gewoonlik hard en maklik hoor lag. As die lewe hulle druk, druk hulle hom terug. Niks kry hulle onder nie. Hulle is skeppend en avontuurlustig. Hoekom; *The joy of the Lord is my strength*!

Hierdie mense is innerlik onbeskryflik sterk, hoekom? Hulle vind hulle krag in die Here. Hulle leef in Jesus. Hulle is in God se rus.

Dit kom vir my voor of die Apostel Paulus hierdie geheim geken en dit vir gelowiges geleer het. Kom ons kyk wat hy oor die onderwerp van wees bly in die Here, geleer het.

Dis die jaar 63 nC en Paulus is in Rome in die gevangenis. As ek sê gevangenis dan bedoel ek nie ons Korrektiewe dienste nie. Menseregte was nie baie bekend in daardie tyd nie.

Die gemeente in Philippi wat in die noord-ooste van Griekeland geleë was, het verneem dat Paulus in die tronk is. Die gemeente het toe ’n lidmaat Epafroditos na Paulus gestuur om vir hom lewensmiddele te vat. Epafroditos het die reis aangepak en in die proses baie siek geword en byna by die dood omgedraai.

Hy het egter die pakkie afgelewer. Paulus het toe ’n brief wat ons as die sendbrief aan die gemeente in Philippi ken, geskryf en saam met Epafroditos gestuur toe hy na Philippi teruggekeer het.

Die tema van die sendbrief is; “*Die nuwe lewe in Christus word deur God geskenk aan die wat aan Jesus glo. Hierdie lewe oortref alle ander dinge en bring vrede en blydskap ongeag die omstandighede van die gelowige. Daarom roep Paulus uit in vers Fil.:4:4. “Wees bly in die Here”*

Ek en jy ontvang ’n nuwe lewe in Christus en volgens Paulus, bring dit vir jou vrede en blydskap, ongeag jou omstandighede. Dit is wat; wees bly in die Here, beteken.

TEKSVERS

FILL. 4:4-12 (1983 Afrikaanse Vertaling)

“Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. 8 Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is-watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees-daarop moet julle, julle gedagtes rig.”[1]

[1] *Die Bybel : Nuwe Vertaling*. Capetown, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983, S. Php 4:4

EKSEGESE

WEES ALTYD BLY IN DIE HERE! (REJOICE) (chairō) (Fill.4:4

Dit beteken; "Be cheerful, calmly happy", wees vreugdevol.

Paulus is nie hier besig met 'n pleidooi vir 'n moedige, maar kunsmatige, glimlag terwyl alles in jou verskeur, seer en stukkend is nie.

Nee, dit gaan om iets diepers. Ek en jy kan in ons Christelike lewenswandel op 'n plek in ons lewens kom, waar ons in God se rus is, waar ons vol lewensvreugde is en waar God se seën op ons rus. Dit is 'n plek waar die aardse dinge hoewel belangrik, nie die kriterium is vir jou geluk nie.

Dit meen ek is die geheim, Ek moet nie my oë op aardse dinge hou nie, alhoewel dit belangrik is. Ek moet in alle omstandighede op God vertrou. Ek moet my oë op God hou.

Paulus beskryf dit so in Fill. 4:7;"*En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus" (Letterlik beteken dit: "*God se voorspoed, seën, en rustigheid sal by julle wees." of soos die Amplified vertaling dit in Fill. 4:7 stel: *"And God's peace shall be yours, (that [i]tranquil state of a soul assured of its salvation through Christ,) and so fearing nothing from God and being content with its earthly lot of whatever sort that is, that peace which transcends all understanding, shall [j]garrison and mount guard over your hearts and minds in Christ Jesus."*

Wie van julle wil graag in julle lewens op hierdie plek soos deur Paulus beskryf, kom?

Paulus verduidelik in dieselfde teksgedeelte vir gelowiges **hoe** om dit reg te kry. Kom ons let nou op wat hy gelowiges in hierdie verband geleer het.

Die eerste ding wat Paulus leer is;" Wees bly in die Here" Ek en jy kan nie uit ons eie krag by 'n plek in ons lewens kom waar ons vry van bekommernis en vol vreugde en vrede, lewe nie. Nee, dit is net op een plek te vind naamlik "In Jesus"

Nou kan jy met reg vra; Johan, hoe kom 'n mens "In die Here" en hoe bly mens daar?

Paulus gee vir ons drie riglyne:

[i] Joseph Thayer, *A Greek-English Lexicon*.
[j] William Gurnall, cited by Marvin Vincent, *Word Studies*.

1. *Fill. 4:5; "Wees inskiklik teenoor alle mense."*

   Behandel ander mense soos jyself behandel wil word. Leef sovêr dit vir jou moontlik is, in vrede met alle mense, As jy iemand te na gekom het, gaan maak reg, as jy weet iemand is kwaad vir jou, probeer die saak uitsorteer. Vergewe mense wat jou te na gekom het en moenie toelaat dat negatiwiteit, bitterheid en haat, van jou besit neem nie. Moenie ander mense en spesifiek weduwees en weeskinders, te na kom nie. Wat is boosheid of in Engels "evil"? Om ander mense te misbruik. Nee, wees inskiklik, onselfsugtig en soos die Engelse teks verklaar; *Let all men know and perceive and recognize your unselfishness (your considerateness, your forbearing spirit).* Dit is die eerste stap wat jy moet neem om "In Jesus" te leef.

2. Paulus leer vir ons in Fill. 4:6 wat die tweede riglyn is: "*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."* Die Amplified stel dit so: *"Do not fret or have any anxiety about anything, but in every circumstance and in everything, by prayer and petition ([h]definite requests), with thanksgiving, <u>continue</u> to make your wants known to God".*

   Ek en jy moet besef dat ons met 'n lewende God kan praat. Ons moet in alle omstandighede ons daaglikse behoeftes deur <u>smeking,</u> <u>danksegging</u> en geloof aan Hom bekendmaak. Vra Hom vir leiding, moenie bekommerd wees nie maar bespreek jou behoeftes met Hom. Die Afrikaanse vertaling stel dit dat ons ons <u>begeertes</u> aan Hom bekend moet maak. Die Engelse vertaling leer; "[h]*definite requests".* Dit is baie spesifieke sake!

   Die Engelse vertaling het 'n ekstra lering in naamlik, ons moet <u>deurlopend</u> ons behoeftes aan Hom bekend maak. Dit is baie belangrik! 'n Groot fout wat ons as gelowiges maak is om nie ons behoeftes deurentyd aan Hom bekend te maak nie.

   Die derde riglyn hou verband met die vraag; Hoe <u>bly</u> 'n mens op hierdie plek waar "die *vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor ons harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."* Hoe kan ek verhoed dat ek uit die plek val? Is daar iets wat ek en jy behoort te doen? Die antwoord is ja.

[h] Joseph Thayer, *A Greek-English Lexicon*.
[h] Joseph Thayer, *A Greek-English Lexicon*.

Die antwoord is in Fill. 4;8. "*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is-watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees-daarop moet julle julle gedagtes rig."*[2] of soos die Amplified dit stel: "*For the rest, brethren, whatever is true, whatever is worthy of reverence and is honorable and seemly, whatever is just, whatever is pure, whatever is lovely and lovable, whatever is kind and winsome and gracious, if there is any virtue and excellence, if there is anything worthy of praise, think on and weigh and take account of these things [fix your minds on them]"*

Ek en jy moet verhoed dat die sorge en hartseer van die lewe ons angstig, negatief en bedruk maak, want dit kan 'n lewenswyse word. As angs, bekommernis en negatiwiteit deel van jou karakter en lewe word, is ek bevrees, dan is jy nie meer op die plek waar jy in Jesus blydskap en vreugde kan ervaar nie.

Behalwe dat die verkeerde gesindheid jou lewensvreugde en eintlik jou lewe kan steel, is daar nog 'n probleem. 'n Ernstige ene.

In Deuteronomium 28 is die seëninge en vloeke op rekord geplaas vir diegene wat deel is van die verbond. Dit is wonderlike seëninge en aaklige vloeke.

Een van die redes waarom die vloeke op mense kan kom, staan in Deuteronomium 28: 47- 48. "*Omdat jy nie die Here jou God met vreugde en entoesiasme gedien het vir die oorvloed van seën wat julle ontvang het nie, sal julle julle vyande dien wat die Here jou God, teen jou sal stuur."*

Aan die positiewe kant, as jy jou blydskap en vreugde in die Here vind, is daar 'n onmeetlike seëning. Kom ons fokus net weer of Psalm 37:4 (ESV), "Delight yourself in the Lord, and he will give you the desires of your heart."

Wat gebeur as jy jou vreugde in die Here vind? "*He shall give you the desires of your heart.*" Is dit nie onbeskryflik wonderlik nie? Vind jou vreugde in die Here en Hy sal jou die begeertes van jou hart gee. As daar 'n geheim vir 'n gelukkige lewe is, is dit dit.

[2] *Die Bybel : Nuwe Vertaling*. Capetown, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983, S. Php 4:4

AFSLUITING

Ek wil graag met ’n vraag aan jou afsluit. Waar is jy nou in jou lewe? Is jy op die plek waar angs, bekommernis en negatiwiteit jou lewe oorheers, of is vreugde en vrede kenmerke van jou lewe?

’n Baie bekende Amerikaanse prediker, Charles Spurgeon, was in sy latere jare professor aan ’n Amerikaanse kweekskool. In sy preekkunde-klasse het hy vir sy studente geleer dat hulle gesigte moet saampraat as hulle preek. As hulle oor verlossing en die hemel preek, moet hulle gesigte iets van die hemelse heerlikheid en blydskap uitstraal, het hy gesê. En as hulle oor die hel preek, het hy gesê – nouja, dan kan hulle maar lyk soos hulle altyd lyk. Hulle gewone gesigte goed genoeg.

Hoe lyk jóú gesig, my broer en suster? Kan mense in jou gesig iets van die blydskap sien wat ons deel is as kinders van God?

As jy tot die ontdekking gekom het dat jou lewe nie God se vreugde weerspieël nie, moenie dat dit jou verder bekommerd maak nie. Nee doen wat Paulus ons in Fill. 4 leer.

Al die slegte nuus en gebeure behoort ons almal in een opsig te verander. Dit moet ons nader aan Jesus bring. Ons moet ons lewens reg kry. Ons moet sensitief wees vir die leiding van God die Heilige Gees. Moet dan asb. nie jou lewensvreugde vir jouself hou nie. Gaan deel dit uit. Laat jou lewensvreugde ’n getuienis wees van jou verhouding met God.

Ek wil graag vir u ’n gedig lees wat die gedagte van wees bly in die Here, vir my mooi saamvat.

WEES BLY IN DIE HERE

As my lippe maar soveel lofliedere kon sing
soos daar golwe in die see is …
as my tong maar soveel woorde van dank kon spreek
as wat daar voëls in die lug is …
as my mond die sterrehemel kon vul met eer aan U …
as my gesig kon skyn
soos die son en die maan tesame …
as my hande na U kon uitstrek

soos die vlug van ’n arend in die lug,
en my voete oor die berge kon spring
soos ’n klipbok oor die kranse …
sou dit nóg nie genoeg wees om uiting te gee
aan die hulde wat ek aan U wil bring nie.
O Here, Here, my onbeskryflik grote God!

AMEN